

# JAN HENDRIK HOFMEYR, DIE BAPTISTE KERK EN APARTHEID

*Joep de Wit*<sup>1</sup>

Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie,  
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Suid-Afrika

## *Abstract*

This article touches on the life of Jan Hendrik Hofmeyr, his connections with the Baptist Church and his opposition to Apartheid. Some of his unparalleled academic achievements are referred to. The article refers to the fact that he was brought up in a Baptist Church and that his Baptist upbringing had a great influence on him throughout his life. His Christian principles brought him in direct conflict with the apartheid policies of the National Party. He can truly be called a prophet against Apartheid. He was a defender of the Jews and always championed their cause. Although he was minister of different portfolios at different times, as long as he was a member of the cabinet, he was always Minister of Education. He laid a foundation for equal education that was later uprooted by the National Party government. He was Deputy Prime Minister under General Smuts who said at his graveside that it was his desire that Hofmeyr should have continued the work that he (Smuts) had started. Hofmeyr believed that the Christian ideal would ultimately triumph in South Africa's race relations.

It is clear that many of Hofmeyr's ideas have been validated in recent years and that Hofmeyr was way ahead of his time.

## 1 INLEIDING

Sekerlik een van die grootste politieke name in die Baptiste Kerk is dié van Jan Hendrik Hofmeyr. Sommige van sy standpunte sou in later jare weer by sogenaamde "Vernuwingskerke" weerklank vind. Hofmeyr was nie net Adjunk-Eerste Minister van Suid-Afrika nie, maar hy was saam met Sir Gordon Spring, wat Eerste Minister van die Kaapkolonie was, ook van die enkele Baptiste in Suid-Afrika wat huishoudelike name geword het. Baie min bronne is beskikbaar oor die lewe van Hofmeyr en dit bemoeilik enige navorsing oor hierdie besondere mens wat deur Generaal Smuts as die wonderseun van Suid-Afrika beskryf is. Benewens 'n werk deur Paton in 1964 getiteld *Hofmeyr*, waarvan 'n verkorte weergawe in 1971 verskyn het, is net een boek oor sy

---

<sup>1</sup> Researcher for the Pentecostal project at the Research Institute for Theology and Religion, University of South Africa, Pretoria.

lewe geskryf en wel deur T MacDonald. Die boek is nog in Hofmeyr se leeftyd, kort voor die verkiesing van 1948 en dus enkele maande voor sy dood gepubliseer, getiteld *Jan Hofmeyr heir to Smuts*. Daarbenewens is 'n hoofstuk oor hom in *Tien politieke leiers* deur Piet Meiring (1973) ingesluit. Ongelukkig is daar baie besonderhede oor sy lewe wat slegs deur genoemde bronne bekom kon word.

## 2 GEBOORTE EN AFKOMS

Hofmeyr was van kleins af besonder geheg aan sy ma – 'n verhouding wat later in sy lewe 'n groot invloed op hom sou uitoefen. Sy het tot die dag van sy dood saam met hom gebly. Toe Hofmeyr op tweejarige ouderdom baie siek word het dit in die familie 'n groot krisis veroorsaak. Die gesin was finansiële nie welaf nie en toe die predikant van die Grootekerk Moedergemeente van die NG Kerk nie genoeg gedoen het om die gesin by te staan nie, was dit die Reverend Ernest Baker, die predikant van die Baptiste Kerk in Walestraat wat hom oor haar en haar seun ontferm het. Reverend Baker het op twee en twintigjarige ouderdom na Suid-Afrika gekom nadat hy twee jaar opleiding in Spurgeon se "Pastors College" voltooi het. Baker was een van die laaste persone wat deur Spurgeon na Suid-Afrika gestuur is en Spurgeon het ook selfs sy vervoerkoste voorsien (Philpott 1970:2). Hy was 'n man met 'n groot en barmhartige hart en dit, tesame met haar teleurstelling in die NG Kerk het gemaak dat mev Hofmeyer oorgegaan het na die Wale Street Baptist Church en die kleine Jannie Hofmeyr met haar saamgeneem het. Dit het tot gevolg gehad dat hierdie briljante jong seun sy godsdienst in 'n Engelsprekende kerk onder Engelsprekende mense geleer en beoefen het. Die feit dat Hofmeyr in die Baptiste Kerk grootgeword het, het hom kerklik Engels geïntereerd gemaak en Hofmeyr sou nooit 'n lid van 'n Afrikaanse kerk word nie (Meiring 1973:100).

Sy vader sterf toe Hofmeyr slegs drie jaar oud was. Sy oom aan vaderskant was die bekende Kaapse politikus, Onze Jan Hofmeyr. Hy het van politieke platforms mense veroordeel wat hulle voorvaders se godsdienst verlaat het, maar het nogtans mev Hofmeyr en haar seun se oorgaan na die Baptiste Kerk aanvaar. Hofmeyr het ook as jong man 'n boek oor sy oom geskryf. Mev Hofmeyr het by geleentheid oor die invloed van Onze Jan Hofmeyr op Jannie Hofmeyr gesê: "He is a liberal because liberalism is in our blood. He was often in the Company of Onze Jan, and they were very fond of each other" (MacDonald 1948:22).

## 3 AKADEMIESE PRESTASIES

Jan Hofmeyr se akademiese loopbaan het geen gelyke in Suid-Afrika nie en net enkeles in die wêreld kan met hom vergelyk word. Hy kon op vyfjarige ouderdom reeds beide Hollands en Engels vlot lees. Hy matrikuleer op die ouderdom van twaalf jaar. Hy het sy onderwysers verbaas met sy geweldige kennis en verbasende geheue. Op vyftienjarige ouderdom het hy 'n BA-graad in die Klassieke verwerf en op sestien verwerf hy 'n tweede graad met

Wiskunde en Wetenskap as hoofvakke. Op sewentienjarige ouderdom verwerf hy sy meestersgraad. Hy ontvang 'n Rhodesbeurs maar was nog te jonk om na Oxford te gaan. 'n Vroueseminarie in New Jersey in Amerika het op 'n keer 'n brief na Suid-Afrika gestuur met die volgende adres op: "The youngest boy, the highest class, The best school, Cape Colony, S.A." (MacDonald 1948:15). Die Poskantoor het die brief na die "South African College" in Kaapstad gestuur waar dit aan die twaalfjarige Hofmeyr in die matriekklas oorhandig is. Op die ouderdom van twee en twintig word hy 'n dosent in Latyn en ses maande later word hy professor in die Klassieke aan wat later die Universiteit van die Witwatersrand sou word. Op vyf en twintigjarige ouderdom word hy die eerste rektor van bogenoemde Universiteit. In 1924, terwyl hy slegs nege en twintig jaar oud was, word hy Administrateur van Transvaal. Reeds na sy afskeidsfunksie as rektor van Wits om die administrateur te word, het 'n koerant na hom verwys as 'n potensiele Eerste Minister (MacDonald 1948:15-16).

Oswin Bull was in daardie jare hoof van die Students Christian Association. Hy was 'n Anglikaan wat 'n hoë premie op 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus geplaas het. 'n Baie hegte vriendskapsband het tussen hulle ontstaan en hulle geloofsoortuigings het volgens Paton (1971:17) ooreengestem. Dit is beskryf as 'n tipe middeweg tussen

Baptist warmth and Anglican propriety. Though the young Hofmeyr had been brought up in a Baptist world, he had also entered another, the more austere world of pietas, gravitas, aequanimitas virtus, where he and the young Haarhoff felt so much at home.

Hofmeyr het al hoe meer by die politiek betrokke begin raak en het hom al hoe meer begin bemoei met die probleme van liefde en geregtigheid, gesag, mag en die probleme om al hierdie verskillende konsepte bymekaar te bring in die lewe van die staat. Daar kan met reg gesê word dat sy leier in dit alles nie Plato of Marx was nie, maar wel Jesus Christus van Nasaret. Van Bybelse beginsels soos hy dit verstaan het, het hy nooit afgewyk nie.

#### **4 DISKRIMINASIE AS GEVOLG VAN SY BAPTISTE KERKLIDMAATSKAP**

In die jaar 1916 het Hofmeyr 'n ondervinding gehad wat later die lot van vele getroue en lojale landsburgers wat nie aan een van die erkende Afrikaanse kerke behoort het nie, sou wees. Hofmeyr het aansoek gedoen vir 'n betrekking by die Students Christian Association. Dr G B A Gerdener skryf aan Hofmeyr dat daar navraag uit 'n verantwoordelike oord gekom het oor sy kerkaffiliasie. Gerdener meld dat dit vir hom persoonlik nie saak maak nie, maar dat dit tog vir ander 'n struikelblok kon wees. In 'n volgende skrywe 'n paar dae later sê Gerdener vir hom dat dit inderdaad die geval was. Ten spyte van alles wat hy vir die organisasie gedoen het, was hy dus nie aanvaarbaar nie. Die rede was dat hy 'n Afrikaner was wat nie behoort het aan een van die drie Afrikaanse susterkerke nie (Paton 1971:47). Hierdie ondervinding moes Hofmeyr baie duidelik nog verder weg van die Afrikaanse Nasionalisme van Generaal Hertzog gedryf het. Hertzog se sogenaamde "Tweestroom-beleid" het geleer dat die Afrikaner as volk op sy eie moet

ontwikkel met 'n kerk, taal en kultuur van sy eie (Giliomee 2003:355-356).

## 5 STRYD TEEN ANTI-SEMITISME

Dr D F Malan, eertydse leier van die Gesuiwerde Nasionale Party, het voorgestel dat daar 'n einde aan alle Joodse immigrasie gemaak moes word. Dr N J van der Merwe, leier van die Nasionale Party in die Vrystaat, het hulle as 'n steen des aanstoots beskryf (Muller 1987:448). Geen Jood is toegelaat om 'n lid van die Nasionale Party in die Transvaal of die Vrystaat te word nie. Toe dr H F Verwoerd, die latere Eerste Minister, redakteur van *Die Transvaler* word, verskyn in die eerste uitgawe 'n artikel van hom wat sterk anti-semities was en waarin hy aanvoer dat 'n Nasionale Party regering net aan Jode besigheidslisensies sal toestaan in ooreenstemming met hulle proporsie tot die blanke bevolking (Giliomee 2003:417). Dr Malan het na Hofmeyr as die Jode se selfaangestelde woordvoerder verwys. Hofmeyr het baie sterk teen hierdie anti-semitisme van die Nasionale Party reageer en het gewaarsku dat anti-semitisme die voorloper van diktatorskap is. Die Nasionale Party was openlik anti-semities. Dr Malan is beskryf as "strongly anti-Jewish, anti-Native and anti-British" (Campbell 1943:114). Die Nasionale Party het altyd daarvan gehou om Generaal Smuts en Hofmeyr as vriende van die Jode te beskryf, maar in die oë van Suid-Afrikaanse Jode was Hofmeyr 'n geëerde man (MacDonald 1948:260).

## 6 TOETREDE TOT DIE POLITIEK

Na sy uittrede as Administrateur van Transvaal skryf Reverend J H Batts, die Baptiste predikant van Grahamstown, aan hom: "To remind him that the ambition of his childhood had been to enter the Baptist ministry, and now was the great opportunity" (Paton 1971:107).

Hofmeyr is beskryf as die eerste egte Afrikaner Liberalis in die hoogste politieke kringe. Hy het suiwer liberale idees gekoester. Reeds in 1936 het Hofmeyr 'n toespraak in die parlement gehou wat die destydse redakteur van die *Rand Daily Mail* laat opmerk het dat mnr Hofmeyr een van 'n nuwe geslag is as gevolg van die feit dat hy 'n liberale beskouing het wat vreemd vir die tyd was. Dit was 'n nuwe standpunt wat ten gunste van 'n posisie en 'n plek vir die nie-blanke binne die Suid-Afrikaanse samelewing geywer het (Meiring 1973:114). Hofmeyr word in 1929 as verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Party van Generaal Smuts as volksraadslid van die kiesafdeling Johannesburg-Noord verkies. Hy het hierdie kiesafdeling tot en met sy dood verteenwoordig (Meiring 1973:103).

## 7 MAN VAN BEGINSSEL – STRYD TEEN APARTHEID

Hofmeyr se Baptiste agtergrond het baie beslis daartoe bygedra dat hy 'n sterk standpunt teen loterye ingeneem het. Ten spyte van die feit dat daar in sy eie party 'n aanvraag was vir 'n staatslotery het Hofmeyr ondubbelsinnig verklaar: "For my part I shall never be a member of a government in this

country that has anything to do with a state lottery” (MacDonald 1948:124).

Hofmeyr bedank in 1938 uit die kabinet vanweë die feit dat Generaal Hertzog 'n minister, A P J Fourie, wat in die pas afgelope verkiesing van 1938 verslaan is, as 'n senator aangestel het. Die vereiste vir die pos was dat die persoon 'n besondere kennis van swart volke moes hê. In 'n toespraak in die parlement sê hy dat die basiese probleemvraagstuk juis was of die land gaan toelaat dat nie-blankes pionne gemaak gaan word in die witman se politieke spel. Hofmeyr het aan die einde van die toespraak gesê dat hy in alle beskeidenheid hoop dat hierdie daad van hom 'n wekroep tot die jonger geslag van Suid-Afrika sal wees om beginsels voor pragmatisme te stel in die behartiging van die sake van die land (Meiring 1973:114). Hofmeyr was een van elf volksraadslede wat die Naturelle wet van 1936 van Generaal Hertzog geopponeer het (Kenney 1991:41). Na Hofmeyr se derdelesing-toespraak skryf Heard van die *Rand Daily Mail* “Dit was 'n toespraak wat getuig het van manmoed. Dit was 'n vertoning van intellektuele en sedelike integriteit wat nie maklik in ons land oortref sal word nie” (Meiring 1973:13).

Hofmeyr het hom altyd ten sterkste uitgespreek teen enige voorgenome wetgewing wat die Indiërs op enige wyse sou beperk. Na een so 'n geleentheid waar Hofmeyr juis so 'n wetgewing teengestaan het, bedank hy uit die kookus van die Verenigde Party. Sy standpunt oor die Indiërs se teenwoordigheid in Suid-Afrika was die volgende: “The self interest of the European brought the Indian to South Africa” (Hudson-Reed 1983:272). Hofmeyr het gesê dat die Indiërs 'n deel van die Suid-Afrikaanse bevolking is. Hulle deel in die land se wel en weë en dra by tot die land se voorspoed. Hulle moet nie in die arms van agitators gedryf word as gevolg van moedeloosheid en desperaatheid nie (MacDonald 1948:97).

Diegene wat destyds in die Verenigde Party van Generaal Hertzog teen segregasie gekant was, was 'n klein maar baie belangrike groepie. Hulle liberalisme was meer pragmaties as die liberalisme van die Kaap wat meer idealisties was. Akademici en selfs enkele politici was aanhangers van hierdie liberalisme. Liberaliste het die vak Antropologie as 'n dissipline gevestig en beroemde name soos Brookes, Loram, Rheinalt-Jones en Alfred Hoernlê het Antropologie doseer. Hulle was almal geesgenote van Hofmeyr (Brits & Grundlingh 1989:100).

Dat die Baptiste Kerk 'n rol in die vorming van Hofmeyr se liberale oortuigings gespeel het, ly geen twyfel nie. Reeds tydens die Suid-Afrikaanse Konvensie het die leiers van vier denominasies - waaronder die Baptiste - 'n brief onderteken wat die beginsel dat politieke regte op kleur en ras gebaseer word ten sterkste veroordeel het (Hinchliff 1971:131-132). Ook toe die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, het die Baptiste Kerk 'n aantal sterk resolusies tot die regering gerig wat oor rassebetrekkings gehandel het (Hudson-Reed 1983:229).

Hofmeyr skryf in 'n blad genaamd *Forum* dat liberalisme volgens sy beskouing nie gelykheid beteken nie maar wel voorsiening van redelike geleenthede vir almal (Meiring 1973:115). Toe Hofmeyr in 1946 deur Advokaat C R Swart, latere Staatspresident van die RSA, uitgedaag word dat hy sy en die liberaliste se standpunt ten opsigte van kleur moes stel, doen hy dit in 'n

artikel in *Forum*. Hy het onder meer gesê hulle staan daarvoor dat die blanke beskawing bewaar moet word maar nie ander moet domineer nie. Hulle pleit vir redelike geleenthede vir die nie-blankes en vir geleenthede sodat hulle politieke kan ontwikkel. Dit moes egter geleidelik geskied en die swartman moes in die parlement, provinsiale rade en munisipaliteite deur sy eie mense verteenwoordig word om na sy eie belange om te sien (MacDonald 1948:141). Hofmeyr het 'n private wetsontwerp op eie houtjie teengestaan wat ingedien is om gemengde huwelike te verbied (Meiring 1973:116). Hofmeyr het voor 'n tussenverkiesing in die kiesafdeling Hottentots-Holland 'n vergadering toegesprek ter ondersteuning van Sir De Villiers Graaff, die latere leier van die Verenigde Party. Op 'n vraag of swartes deur swartmense in die senaat verteenwoordig moet word of deur blankes soos wat tot op daardie stadium die geval was, het hy geantwoord dat dit noodsaaklik was dat verandering moes kom (Graaff 1993:120). Volgens Hofmeyr was rassegelykheid of assimilasië aan die een kant en blanke oorheersing ten alle koste aan die ander kant nie die enigste alternatiewe nie, maar daar was 'n derde weg naamlik die van Christen-trusteenskap (MacDonald 1948:231).

## 8 OORLOG – VOORTSETTING VAN DIE STRYD TEEN

### APARTHEID

Op 3 September 1939 verklaar Groot Brittanje oorlog teen Duitsland. Generaal Smuts ondersteun die oorlog en is 'n voorstander daarvan dat Suid-Afrika Brittanje ondersteun. Generaal Hertzog ondersteun neutraliteit maar op 4 September word Hertzog se mosie van neutraliteit met 80-67 verslaan (Giliomee 2003:440). Generaal Hertzog bedank as Eerste Minister en die Goewerneur-generaal, Sir Patrick Duncan, vra Generaal Smuts om 'n nuwe kabinet saam te stel. In hierdie kabinet van Smuts het hy nou vir Hofmeyr aangestel (Muller 1987:452). Hofmeyr het die Nasionaliste se aandrang op 'n Christen-republiek in 1942 in die parlement afgemaak deur te sê dat dit aan die opperste skynheiligheid grens deur van 'n Christen-republiek te praat en terselfdertyd leerstellinge van rasseonverdraagsaamheid en rassevooroordeel en anti-semitisme te verkondig. Op 8 Mei 1945, na die oorgawe van Duitsland in die Tweede Wêreld Oorlog, het Hofmeyr 'n oorwinningstoespraak aan die nasie oor die radio gehou. Hy het gesê dat die oorwinning, as dit reg beskou word, 'n magtige krag kan word vir die opbou van 'n groot en waarlik verenigde Suid-Afrikaanse nasie. Selfs Generaal Smuts wat in San Francisco was vir die stigtingsvergadering van die VVO, laat weet dat hy geroer was deur die boodskap en sê dat alles wat Hofmeyr gesê het waar was en dat hy hoop dat die wense en gebede wat in die toespraak vervat was, alles waar sal word. Hy het ook sy dank aan Hofmeyr oorgedra (Paton 1971:318).

Hofmeyr het nooit gehuiwer om sy standpunt dat hy ten gunste van die verwydering van alle vorme van diskriminasië op grond van kleur was te stel

nie. Gedurende die aanloop tot die algemene verkiesing van 1948 word Hofmeyr as gevolg van swak gesondheid van sy portefeulje van finansies onthef en word hy amptelik Adjunk-Eerste Minister van Suid-Afrika. Die 1948-verkiesing sou 'n Hofmeyr-verkiesing wees. Die Verenigde Party het 89 van die 153 setels gehad en die Nasionale Party 49. In die Nasionale Party-koerant *Die Kruithoring* van 19 November 1947, loods dr Malan 'n verkiesings-aanval op Hofmeyr by wyse van vrae aan hom. Dit is baie duidelik dat hierdie vrae die wese van Hofmeyr se hele beleid geraak het. Die betekenis daarvan sou ook mettertyd verder in die geskiedenis van Suid-Afrika ontvou. Vraag vyf het byvoorbeeld die vraag gevra of 'n swartman onder Hofmeyr se beleid die kanselier van die Universiteit van Suid-Afrika sou kon word. Vraag elf het die vraag gevra of swartes toegelaat sou word om in die parlement te sit. Vraag veertien was of die hoogste poste in die landbou, onderwys en ander profesies vir swartes oop sou wees. Hofmeyr weier om op die vrae te antwoord. Die koerant het gesê as hy nie elke vraag met 'n duidelike "ja" of "nee" beantwoord nie, dit as 'n "ja" beskou sou word. Sy weiering om te antwoord lei tot die uitgee van 'n pamflet deur die Nasionale Party, getiteld "Ontmoet mnr Hofmeyr". Dit het 'n uittreksel bevat van 'n toespraak in 1946 toe Advokaat Strydom, latere Eerste Minister, in 1946 in die parlement aan Hofmeyr gevra het, of hy wat Hofmeyr is blanke heerskappy onderskryf. Hofmeyr se antwoord was dat op so 'n basis daar geen vreedsame en langdurige verhouding tussen die rasse kan wees nie. Hofmeyr het in Afrikaans, onderaan 'n beleidsverklaring van dr Malan oor die apartheidsbeleid van die Nasionale Party, geskryf dat dit 'n beleid van onderdrukking was. Ten spyte van die feit dat Hofmeyr 'n toegewyde Christen was en nooit in 'n kroeg gesien is nie en 'n Christen-moralis was, is daar 'n storie onder ander Afrikanerwerkers versprei dat Hofmeyr 'n buite-egtelike verhouding met 'n swartmeisie het (Paton 1971:372).

Die Verenigde Party het die verkiesing teen die Nasionale Party verloor en Hofmeyr is selfs in sy eie party vir die neerlaag blameer. Selfs Generaal Smuts se seun, J C Smuts (jnr) (1952:511) sê in sy biografie oor sy pa "It is no use fighting all the weary old battles over again. You will never make headway while you have a colleague like Hofmeyr".

Hofmeyr is daarvan beskuldig dat dit hy was wat Generaal Smuts ten gunste van liberalisme beïnvloed het. Smuts was teoreties liberaal tot op 'n sekere punt maar Hofmeyr beïnvloed hom, is gesê. Smuts het selfs sy eie kiesafdeling Standerton verloor en hy was 'n gebroke man (Kruger 1978:228 & 236).

## 9 DIE EINDE VAN DIE PAD

Generaal Smuts het ten spyte van die geweldige aanvalle op Hofmeyr tog lojaal aan hom gebly. Hofmeyr is herkies as Transvaalse voorsitter van die Verenigde Party. Generaal Smuts het by hierdie geleentheid gesê dat hulle moes vashou aan dit wat hulle het in Hofmeyr, want in hom het hulle 'n man van visie en deugdelikheid. Generaal Smuts het gesê hy beskou karakter as een van die grootste waardes in die lewe. Vermoëns kan 'n mens feitlik koop

maar karakter is iets heeltemal anders. Hy het gesê as 'n mens na die standaard wat Hofmeyr in die publieke lewe handhaaf kyk sou dit die mees ondenkbare ding wees om te luister na die uitroepe van die opponente omdat dit duiwelse uitroepe was (Paton 1971:401).

Hofmeyr het nou verhuis na 'n nuwe woning in Williamstraat 191, Brooklyn, naby die Universiteit van Pretoria. Alhoewel sy gesondheid veel te wense oorgelaat het, het hy nogtans 'n vol en aktiewe lewe gelei. Na 'n besoek aan Port Elizabeth waar hy drie toesprake moes hou, maak hy melding in sy dagboek van die feit dat hy baie dankbaar is om terug te wees by die huis en "Sunday turned out to be a good day with worship at the Hatfield Baptist Church" (Paton 1964:517).

Dit is dieselfde Hatfield Kerk wat later 'n charismatiese vernuwing ondergaan het en 'n leiersrol in die vernuwingsbeweging in Suid-Afrika sou speel.

Hofmeyr het ook wanneer hy in Kaapstad was sy ou gemeente die Wale Street Baptist Church besoek. Reverend Derek Crumpton, die leier van 'n charismatiese beweging "Foundation Ministries" en 'n oud-Methodistepredikant vertel hoe hy as jong man Wale Street Baptist besoek het en hoe Hofmeyr altyd grappies met die kinders om hom gemaak het (persoonlike onderhoud). Dit is baie duidelik dat die Baptiste-invloed van sy jeug hom sy lewe deur bygebly het.

Een van Hofmeyr se laaste amptelike opredes was om die hoeksteen van die destydse nuwe gebou van die Central Baptist Church te lê.

In 1947 after much prayerful thought the church decided to build a new sanctuary on the vacant land north to the hall. The church had at one time owned the adjacent site on the corner of Church and Beatrix streets but this was sold in May 1937 for 6,500 pounds. On 30<sup>th</sup> October 1948 the foundation stone of the new building was laid by the honourable J H Hofmeyr, a Baptist and for many years a senior cabinet minister. This was one of the last public duties performed before his untimely death (Boyce 1989:21).

Die steen kan vandag nog gesien word in die nuwe gebou van die Central Baptist Church, in Schoemanstraat, Pretoria. Op Vrydag 3 Desember 1948 sterf Hofmeyr in die huis wat hy en sy ma te Williamstraat 191, Brooklyn, bewoon het. Hierdie huis bestaan vandag nog. Sy beskeie kamer is vandag nog te sien en volgens die huidige eienares van die huis het Generaal Louis Botha, Suid-Afrika se eerste premier, se dogter, aan haar persoonlik Hofmeyr se kamer uitgewys (Clark 2004). Hofmeyr se laaste woorde aan sy broer was "Tell my friends to carry on" (Paton 1964:525). 'n Mens sou kon aanvaar dat hierdie woorde van hom kon beteken het dat hulle polities sy werk moes voortsit, maar verseker as toegewyde Christen en Baptis sou dit ook beteken dat hulle sy evangeliese ywer en sy toewyding aan die Here voortsit. Op 5 Desember 1948 is hy in Pretoria begrawe. Drie predikante het die begrafnisdiens waargeneem waarvan een, Reverend Morrow Cook van die Baptiste Kerk was. Generaal Smuts het 'n emosionele laaste huldeblyk aan Hofmeyr gebring. Op die vooraand van die begrafnis het Generaal Smuts ook



oor die radio 'n huldeblyk aan hom gebring. Smuts het hom die wonderkind van Suid-Afrika genoem. Hy het gesê die land is 'n ryker en beter land as gevolg van Hofmeyr se boodskap. Op sy begrafnis het Generaal Smuts gesê:

I, who now lose my right hand, who I had fondly hoped, would have continued, my work if he had been spared ... The sense of what South Africa has lost in Jan Hofmeyr remains almost more than one can bear (Smuts 1952:515).

Hy was aanvaar as een van die grootste seuns van die Baptiste Kerk. Sy graf is vandag nog in die Rebeccastraat-begraafplaas te sien - naby dié van Generaal Louis Botha. Al wat op die grafsteen staan is "Jannie Hofmeyr".

## 10 INTERPRETASIE EN BEOORDELING

Jan Hendrik Hofmeyr was een van Suid-Afrika se grootste seuns. Selfs Oswald Pirow, 'n lid van Generaal Hertzog se kabinet en 'n pro-Nazi gedurende die oorlog, beskryf hom as "one of the best brains South Africa has produced" (Pirow [sa]:157). Hofmeyr het geglo dat die Christelike ideaal uiteindelik in Suid-Afrika sal seëvier wat rasse-aangeleenthede betref. Hy identifiseer nietemin in 'n voorwoord tot 'n boek om die Unie van Suid-Afrika se 21ste verjaarsdag te vier, die vrees dat die swartman hom tog eendag op die witman sal wreek. Hy het die een probleem geïdentifiseer waarteen hy sy lewe lank geveg het, naamlik vrees by die witman vir die swartman. Sy antwoord op hierdie vrees was altyd dat die toekoms met geloof binnegegaan moes word (Hofmeyr et al 1930:9-10). Hy was allerweë bestempel as 'n genie en was bekend vir sy nederigheid. Hy het nooit van sy spoorwegwa gebruik gemaak waarop hy as minister geregtig was nie. Alhoewel hy 'n ryk man was het hy nederig gelew. Hy was besorg oor die onderwys van swart leerlinge waarvoor hy as jarelange minister van onderwys verantwoordelik was. So het hy dan ook in sy testament £10,000 aan die Fort Hare College bemaak.

Hy het sy Christen-beginsels altyd nougeset uitgeleef en is tereg deur Generaal Smuts "die gewete van Suid-Afrika" genoem. Sy boodskap wat hy in 1931 as 'n jong man aan 'n groep jong seuns gegee het was deurlopend sy boodskap waarvoor hy nooit skaam was nie.

Take Christ as the Lord of Life and thereafter fear nothing, for even if the world be lost, one keeps one's own soul. The power of Christ which is the power of God, is alive and active in the world, ready for us to draw on when we will (Paton 1964:138).

Sy teenkanting teen enige vorm van onderdrukking en rassisme was dwarsdeur sy politieke lewe fel en konsekwent en kan miskien die beste opgesom word in 'n artikel wat hy kort voor sy dood geskryf het.

The constitutional rights of one section of the people are threatened today. The rights of the rest of us may be threatened tomorrow. The

cynical disregard of moral obligations and the pledged word which is foreshadowed cannot but weaken South Africa's position in the eyes of the world. We may yet become a reproach and a byword among the nations (Paton 1964:517).

Reeds in 1945 waarsku hy as 't ware profeties

When the conflict is over (World War II) we may find that, while we have defeated Naziism in its home land, our national life is deeply infected with the germ-cells of Naziism. By that I mean such things as intolerance, racial prejudice, thinking with the blood (Basson 2004:50).

Hoe waar sou Hofmeyr se woorde nie word in ons land se geskiedenis nie. Baie navorsing sal nog gedoen moet word om die werklike rol en invloed van Jan Hofmeyr op beide die politiek sowel as die kerk en die Christendom in die breë Suid-Afrika te bepaal. Hofmeyr se teenkating teen apartheid kan beslis gesien word as een van die belangrikste Christen-stemme wat ooit teen apartheid opgegaan het in sy tyd. Hy was beide die kerk en die politiek jare vooruit.

## BRONNE GERAADPLEEG

- Basson, J du P 2004. *Raam en rigting in die politiek en die storie van apartheid*. Kaapstad: Politika.
- Boyce, C F 1989. *A century in the capital: The story of the Central Baptist Church Pretoria 1889-1989*. Pretoria: Central Baptist Church..
- Brits, J P & Grundlingh A M 1998. *Suid-Afrikaanse geskiedenis sedert 1902*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Campbell, A 1943. *Smuts and Swastika*. London: Victor Gollancz.
- Giliomee, H 2003. *The Afrikaners*. Cape Town: Tafelberg.
- Graaff, De Villiers, Sir 1993. *Div looks back*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Hinchliff, P 1971. *Die Kerk in Suid-Afrika*. Johannesburg: CPSA.
- Hofmeyr J et al 1930. *Coming of age: Studies in South African citizenship and politics*. Cape Town: Maskew Miller.
- Hudson-Reed, S 1983. *By taking heed: The history of Baptists in South Africa 1820-1977*. Roodepoort: Baptist Publishing House.
- Kenney, H 1991. *Power pride and prejudice*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Kruger, D W 1960. *South African parties and policies 1910-1960*. Cape Town: Human & Rousseau.

- Kruger, D W 1978. *The making of a nation*. Johannesburg: Macmillan.
- Liebenberg, B J & Spies, S B 1993. *South Africa in the 20<sup>th</sup> century*. Pretoria: Van Schaik.
- Macdonald, T 1948. *Jan Hofmeyr heir to Smuts*. Cape Town: Hurst & Blackett.
- Meiring, P 1973. *Tien politieke leiers*. Kaapstad: Tafelberg.
- Meiring, P 1973. *Inside information*. Cape Town: Howard Timmins.
- Meiring, P 1974. *Jan Smuts die Afrikaner*. Kaapstad: Tafelberg.
- Muller, C F J 1987. *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria: Academia.
- Paton, A [1964] 1971. *Hofmeyr*. Oxford: Oxford University Press.
- Pirow, O [sa]. *James Barry Munnik Hertzog*. Cape Town: Howard Timmins.
- Philpott, R H 1970. *Ernest Baker: A great heart and valiant for the truth*. Bulawayo: SA Baptist Historical Society.
- Smuts, J C 1952. *Jan Christian Smuts*. Cape Town: Cassell.

### **Persoonlike onderhoude**

- 1 Dereck Crumpton. Leier, Foundation Ministries. Pretoria, 1 September 2003.
- 2 Me S J Clark. Eienares, Williamstraat 191, Brooklyn. Pretoria, 1 Desember 200